

Donderdag 25 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 11:19-30

Fokusgedeelte: Handeling 11:19-30

Die Heilige Gees span oortuigde (vaste) gelowiges in by die vestiging en uitbreiding van Christus se kerk!

Die jong kerk in Antiogië kon hulle maklik laat afskrik deur hulle omstandighede, waarin een uit hulle geledere wreedaardig vermoor (gestenig) en die res van hulle uitmekaargejaag is, maar hulle het 'n *innerlike oortuiging* gehad van die waarheid.

Selfs al het hulle op vreemde plekke geland (Fenisië, Siprus en Antiogië), was die *innerlike oortuiging* daar om aan Jode en aan heidene (Griekssprekendes) die evangelie te verkondig. Hierdie *vrymoedigheid* en *innerlike oortuiging* was natuurlik niks van hulleself nie ... dit was die werk van die Heilige Gees sodat hulle nie anders kon as om die evangelie te verkondig en die Goeie Nuus nie vir hulleself te hou nie.

Evangelisasie en "sending" is nog altyd God se werk. God is immers op sending (*Missio Dei*) deur hierdie wêreld en God die Heilige Gees skakel *gewone gelowiges* by sy werk en die vestiging en die uitbreiding van sy kerk – *en die Here help hulle*.

Die Heilige Gees wederbaar mense, Hy wek hulle op tot die ware geloof, Hy lei hulle tot bekering, Hy vul hulle met sy krag en dan spoor Hy hulle aan om betrokke te raak in die verkondiging van die evangelie. In hierdie proses is God die Heilige Gees altyd die (V)oorloper, die (H)andelende, maar Hy gebruik mense om die verskil te maak. Al is dit ook net om barmhartigheid te bewys en 'n hand uit te reik en 'n medegelowige te help – om die evangelie sigbaar uit te leef!

Sonder die Heilige Gees sou die kerk nie ontstaan en nie kan bestaan nie. In die lig van die Woord maak die Gees ons bereid en gewillig (HK So. 1) om vir Christus, die Koning van die Kerk, te lewe en te werk.

Is jy ook as 'n oortuigde (vaste) gelowige 'n bruikbare instrument in die kerk van die Here, onder leiding van die Heilige Gees?

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)